DEEL 116 | WEEK 40 | 4 OKTOBER 2024 | R5

HEILBRON HERALD

IF IT'S NOT IN THE HERALD, IT IS ONLY A RUMOUR

# Water situasie op pad na kritieke fase



Soos op die foto gesien kan word is die watertoevoer vanaf die Lesotho Hoogland Waterskema Dinsdag gestaak sodat noodsaaklike skoonmaak en herstelwerk aan die toevoernetwerk gedoen kan word. Dit word verwag dat die proses ongeveer 6 maande mag neem. Gedurende dié periode sal geen water vanaf Lesotho aan damme soos die Vaaldam voorsien word nie.

Gegewe dat dit blyk dat Vaaldam tans net meer as 40% vol is, kan 'n krisis met watervoorsiening binnekort verbruikers wat van die dam afhanklik is se voorland wees. Dit beklemtoon die kommerwekkendheid van verslae wat bevind het dat meer as 40% van munisipaliteite se benutbare water verlore gaan weens lekkasies in verspreidingsnetwerke.

Volgens Vryheidsfront Plus raadslid Phillip van der Merwe ervaar talle dorpe in die Ngwathe Plaaslike Munisipaliteit se regsgebied groot probleme met waterlekke weens uitgediende verouderde infrastruktuur. "In die lig van die jongste verwikkeling is dit broodnodig dat alle waterlekke as prioriteit opgespoor en herstel word. Elke druppel water gaan in die afsienbare toekoms nodig wees om in verbruikers se behoeftes te kan voorsien" sê hy. "Ek gaan die munisipale bestuurder versoek om dringend addisionele spanne met die nodige toerusting op die been te bring om lekkasies aan te spreek".

In Heilbron het die kontrakteur wat die Sasolburg pad tans herstel as deel van sy terugploeginisiatief werkers beskikbaar gestel wat waterlekke ge-identifiseer en aangeteken het. "Daar is dus 'n lys wat aangespreek kan en moet word en daar moet nou dringend en daadwerklik tot aksie oorgegaan word. Sommige inwoners kla juis dat waterlekke wat op diensleweringsgroepe aangemeld word soms na weke nog nie aandag ontvang het nie" voeg hy by. "Dit is sulke aspekte wat ek nou onder die munisipale bestuurder se persoonlike aandag wil bring vir spoedige optrede". 'n Verdere probleem is dat gate wat gegrou word om pype te herstel nie hervul word nadat die lek herstel is nie. As voorbeeld dien die groot uitgrawing op die hoek van Heil- en Piercestrate soos op die foto onder gesien kan word.

Intussen is daar ook steeds heelwat riole wat in Heilbron oorstroom met gepaardgaande gesondheidsrisikos. Heilbron Herald het op 13 September 2024 berig oor probleme met betaling van die kontrakteur van die voertuig wat deur die rioleringspan gebruik word voorsien, ervaar was. Raadslid Van der Merwe het toe onderneem om die saak met die hoof finansiële beampte op te neem om klarigheid oor teenstrydige verklarings rakende die saak te bekom. Die beampte het pas bevestig dat sy ondersoek bevind het dat die kontrakteur slegs een faktuur vir R28 120,00 ingedien het wat sedertdien wel betaal is. Die oopmaak van geblokte riole behoort dus tans ook te normaliseer en dit word vertrou dat die agterstand wat ontstaan het spoedig ingehaal sal kan word.











# Huppel Trippel pas vinnig aan

'n Onvriendelike windjie het Huppel Trippel se Rolstoeldag-planne gefnuik.... maar net tot volgende keer. Die programskedule is baie vinnig omgeswaai. Nonna het 'n baie geslaagde KEN-JOU-KUNSTENAAR-vasvra aangebied. Die kunstenaars wie se lewens onder die loep geneem is, was Mimi Coertze, Gé Korsten en Dolly Parton. Dit was nog 'n heerlike saamkuier; en lekker luister na van die kunstenaars se bekendste liedjies. Oor twee weke sal die Rolstoeldag aan die beurt kom. Intussen raak dit stadigaan weer tyd vir Jukskeispeel omdat dit begin warmer word. Kom speel gerus gratis saam; of skiet heerlik kettie saam met die ander skuts. Reël gerus met Flip Fourie. Hy het vir jou 'n kettie om mee te skiet as joune weg is. Jy is baie welkom!





*Op die foto agter vl: Marthie Ferreira, Isabel Bennink, Elsa Fouché en Wilma Hendriks. Voor op die foto vl: Joey van Tonder, Rina Smit en Fransie Botha.*

*Foto regs: Nonna Roos aan die woord.*




# Twee broers in hegtenis geneem op klag van moord

Twee broers, onderskeidelik 26 en 29 jaar oud, is op Sondag, 29 September 2024, in hegtenis geneem in verband met 'n beweerde moord in Heilbron. Die voorval het omstreeks 05:00 in Willemse Straat, Sandersville-area plaasgevind. Die polisie is na die toneel ontbied nadat hulle 'n klag van moord ontvang het. Met hul aankoms is hulle na die oorledene geneem, 'n 29-jarige man wat geïdentifiseer is as Ashley Van Wyk. Hy het steekwonde aan die bolyf opgedoen en is op die toneel dood verklaar. Volgens voorlopige ondersoeke het die twee verdagtes na die adres gegaan waar hulle die oorledene en sy vriende aangetref het, wat in 'n sinkhuis besig was om te kuier. Een van die verdagtes het glo sigarette gevra, en toe hulle nie aan sy versoek kon voldoen nie, het hy aggressief geraak. Daar word verder beweer dat die twee broers later na buite gegaan het saam met Van Wyk en hom daarna aangerand en met 'n mes gesteek het. Die polisie het die twee verdagtes in die Sandersville-area opgespoor en in hegtenis geneem. Die twee broers het op Woensdag, 2 Oktober, in die Heilbron-landdroshof verskyn op aanklagte van moord. Geen borgtog is toegeken nie en hulle is steeds in aanhouding by die Heilbron korrektiewe dienste. Die polisieondersoek duur voort.



# UIT DIE PEN: Week 40

Ek het twee of wat weke gelede die amptelike ondertekening van die BELA wetgewing dopgehou. Hieroor skree die liberales "Hoera! Hoera!" en die konserwatiewes "Hokaai! Hokaai!" en die gewone man op straat gee nie eintlik om nie.

Dele daarvan het my ook bekommerd. Een klousule maak Graad R nou verpligtend. Wat 'n baie edele gedagte is. Maar ek wonder hoe op aarde die skole dit gaan implementeer, veral as ons in ag neem met hoeveel die onderwysbegroting gesnoei is. Daar is ook nie genoeg klaskamers en onderrighulpmiddels hiervoor nie.

Die twee klousules (artikel 4 en artikel 5) wat met die ondertekening uitgelaat is, het bepaal dat die provinsiale onderwysdepartemente die finale sê het oor die skool se taal- en toelatingsbeleid. Onse onderwysminister het nie die ondertekening daarvan bygewoon nie. Sommige onderwysorganisasies wil haar afgedank hê en die ander wil vir haar 'n Bells gee. Ek dink sy weet nog nie of sy binnekort op die stoep gaan sit en whisky drink nie en of sy gaan aanhou minis soos net ministers kan.

Ek het op 'n WhatsApp-groepie geland waar mammas en eienaars van tutorsentrums baie te sê gehad het oor die wetgewing. Van hulle verwys na "Bella". Die enigste Bella waarvan ek weet kom in 'n lied voor: Bella is 'n bielie van 'n boklam. Onthou julle dit nog?

Een mamma trek te velde oor die wetgewing wat nou CSE (Comprehensive Sexual Education) in skole gaan moontlik maak. Verder meen die mamma dat die onderwyser nou kan besluit dat skoolmeisies aborsies mag kry.

Ek volg die onnosele gesprek op WhatsApp, en vra toe later wat die mamma net moet verduidelik watter klousules in die "Bella" vir bogenoemde voorsiening maak? Ek dog die mamma vlieg uit rat uit. Sy skel my omdat ek nie die "Bella" ken nie. Ek vra net watter klousule, en ek dink dit is 'n geldige vraag.

"In daardie geval," sê die mamma, "moet jy maar 'n regspersoon gaan spreek wat jou meer inligting daaroor kan gee want jy respekteer my nie." Natuurlik met 'n redelike hoeveelheid hoofletters en uitroeptekens.

Ek sê niks van my kant af nie.

Die administrateur van die groepie pos toe uittreksels uit die BELA waarna die mamma verwys het, maar wat nie eers naastenby daarna verwys nie.

Die mamma het nog nie weer iets op die groepie gesê nie.

Volgens BELA kan ouers wat nie hulle kinders laat skool nie, tot 12 maande tronkstraf in die gesig staar. Wat opsig self nie 'n slegte idee is nie. Onthou dat die verpligte skoling plaasvind tot in die jaar waarin 'n kind 15 word of graad 9 voltooi het. 'n Klousule in die BELA maak voorsiening vir tuisskool. Steeds. Nou is die beleid van tuisskool (Policy for Home Education reeds in November 2018 gepubliseer en geïmplementeer) daarby geïnkorporeer. Tot die groot vreugde van sommige lede van die tuisskoolbedryf.

Ek wonder vandag hoe 'n ouer 'n skool vir 'n kind kies? Waar ek grootgeword het, was daar nie 'n groot verskeidenheid nie. Daar was een kleuterskool, een laerskool en een hoërskool. Al vier van ons het by al drie van hulle skoolgegaan.

Ek kan op my een hand tel hoeveel van my laerskoolmaats na 'n naburige skool is: dalk omdat hulle na die landbouskool wou gaan of moontlik na die tegniese skool. Maar dit was min of meer al.

Vandag kies baie ouers om hulle kinders tuis te skool. En die wet maak daarvoor voorsiening. Tuisskool (of Homeschool, soos ons dit ken) is om 'n kind by sy tuiste te onderrig. Tuisskolers mag wel gebruik maak van 'n tutor (of onderwyser) wat konsepte beter kan verduidelik.

Nou sien ek allerhande tuisskoolsentrums opspring. As tuisskool tuis moet geskied, hoekom gaan kinders dan na 'n sentrum toe? Facebook is vrot van die advertensies. Hier is 'n paar advertensies:

"Ons is 'n trotse Afrikaanse homeschool wat kwalityt onderrig gee. Ons het nog plek vir 3 kinders tot by graad 10."

"Hallo almal. Ons het vandag soveel fun gehad. Die kiddies het dit enjoy."

"My tutorsentrum is orals geregistreer. Ons tutors was almal matrix en hulle teach verskillende vakke."

"Ons gee tuisonderrug in Afrukaans en Engels."

Nee, nee, en weer nee. Hoe plaas jy jou kind in in 'n "Afrikaanse" homeschool wat in "kwalityt" spesialiseer. En as iemand praat van "kiddies" en "fun" gaan ek beslis nie my kind soontoe stuur nie. O, nê? Die tutors was in matriek? En hulle "teach"?



Maar jy kan nie "tuisonderrig" en "Afrikaans" reg spel nie?

En waar die "orals" waar die tutorsentrum geregistreer is?

Die wetgewing is duidelik: selfs in Bella (sic). Elke plek wat soos 'n skool funksioneer moet by die provinsiale department van onderwys geregistreer word en daarna by Umalusi (die gehalteversekeraar vir die Nasionale Seniorsertifikaateksamens) geakkrediteer wees. Sonder laasgenoemde is daar geen matrieksertifikaat nie.

Bly weg van sogenaamde "skole" wat nie kan spel nie.

Sterkte met diegene wat 'n nuwe skool moet kies. Doen eers jou eie huiswerk daaroor.


Ek gaan eers vanmiddag weer na Paul, die fisioterapeut toe. Ek kom agter dat ek minder hink en skeef loop. My enkel kan meer buig as vantevore. Dis nie meer geswel nie en die pyn en ongemak is baie minder.

Iemand in ons familie vra (weereens!) hoekom hierdie herstelproses so lank vat? Want die fibula was sleg gebreek en moes 'n plaat en skroewe kry. Die tibia het 'n kraak weg. Voeg daarby my hele enkel wat letterlik teruggeskuif moes word in posisie: dan kan ek sekerlik bly wees dat ek nou, na vyf maande, amper weer my ou selwers is. Soos ek laaskeer gesê het: breek en skeur alles tot op ouderdom 35. Van daar af het die herstelpad meer opdraendes as afdraendes.

# Ysige weer bederf nie matriekafskeid nie

Die matriekafskeid van Hoërskool Heilbron het Vrydag, 20 September, in volle glans en styl plaasgevind, ondanks die koue weer wat oor die dorp gesak het. Hierdie besonderse aand het nie die gees van die toeskouers gedemp nie, wat vasberade was om die matrikulante in hul pragtige aanddrag en stylvolle voertuie te aanskou. Die skoolsaal, pragtig versier in 'n tema wat aan New York herinner het, het 'n betowerende atmosfeer geskep, wat die aand nog meer spesiaal gemaak het. Dit was 'n aand gevul met vreugde en emosies, waartydens ouers saam met hul kinders hierdie mylpaal kon vier. Die geleentheid het afgeskop met 'n skemerkelkie, waar die ouers die voorreg gehad het om hul kinders op hul beste in die saal te sien. Mnr. Johnny, skoolhoof, het die leerders toegespreek en waardevolle raad oor hul toekoms gedeel. Die aand is afgesluit met 'n feestelike ete, gesellige kuier en vrolike dans. Die matrikulante het elke oomblik van die aand geniet, en ten spyte van die ysige weer, het hulle ongetwyfeld die geleentheid om saam te dans en te kuier ten volle benut. Hierdie matriekafskeid sal vir lank in die harte van die leerders en hul ouers bly, 'n kosbare herinnering aan 'n aand vol viering, vriendskap en hoop vir 'n blink toekoms. ***Foto krediet: Marilize Loots Fotografie.***


























enslins
HEILBRON

6de Straat 72
Heilbron, 9650
E-Pos: cornelle@enslins.co.za
www.enlins.co.za

**Enslins Heilbron Ingelyf is op soek na 'n Junior Rekenmeester om by ons aan te sluit.**

**Die geskikte kandidaat moet:**
- Oor goeie syfervaardighede beskik.
- Akkuraat en gedetailleerd kan werk.
- Afrikaans en Engels sprekend wees.
- Rekeningkundige werk kan doen tot op finansiële state vlak.
- Goeie kennis van Microsoft Office365 hê.
- Klient georiënteerd wees met goeie menseverhoudinge.
- Sterk kommunikasie vaardighede.
- Moet onder druk kan werk.

**Vergoeding is onderhandelbaar na gelang van kwalifikasie en ondervinding Indien u oor bogenoemde beskik wil ons graag van u hoor.**

**Stuur CV na cornelle@enslins.co.za**
**Sluitingsdatum: 11 Oktober 2024**




Die matriekbladsy is geborg deur: Cornelia van Crown Acrylics, Liezel van Twist & Curl, Nails by Chenél, Louise Snyman Rekenmeester en Herald Office National.

# Riemland Museum brei uit met nuwe Navorsings- en Geneologie-afdeling




Die Riemland Museum het Saterdag amptelik hul splinternuwe Navorsings- en Geneologie-afdeling geopen, wat 'n opwindende nuwe diens aan die gemeenskap bied. Hierdie afdeling stel besoekers nou in staat om inligting oor hul familiegeskiedenis te bekom. Indien die museum nie oor die nodige inligting beskik nie, kan hulle die GGSA (Genealogiese Genootskap van Suid-Afrika) kontak om verdere hulp te verleen. Die museum het toegewyde personeel wat besoekers kan bystaan met navorsing, asook 'n groot versameling digitale dokumente wat spesifiek verband hou met mense uit die Riemland-streek. Frankfort se inwoners is ook uitgenooi om deel te wees van die openingsdag, aangesien hierdie nabygeleë dorpe 'n ryk gesamentlike geskiedenis deel. Dit is belangrik om te weet dat inwoners van Frankfort ook die Riemland Museum in Heilbron kan besoek om navorsing oor hul familie te doen. Tydens die geleentheid het Lanzo Soothill die nuwe navorsingsentrum vernoem na Japie Blignaut, 'n inwoner wat in Heilbron grootgeword het. Volgens Soothill word Japie beskou as een van die oudste inwoners wat nog in die dorp woon van klein tyd en het hy 'n groot bydrae gelewer tot die geskiedkundige navorsing oor sy familie. Japie het gevind dat sy familie ná die Anglo-Boereoorlog 'n merkwaardige rol gespeel het in die ontwikkeling van Heilbron en die breër Riemland-streek. Die museum het besluit dat dit gepas sou wees om die nuwe sentrum na hom te vernoem, as erkenning vir sy nalatenskap en sy familie se invloed in die gemeenskap. Die Riemland Museum se Navorsings- en Geneologie-afdeling is nou oop vir besoekers. Enigiemand wat meer inligting oor hul familie of die dorp wil bekom, kan die museum kontak per e-pos by riemlandmuseum@gmail.com of telefonies by 081 898 1457. Die opening van hierdie afdeling is 'n waardevolle toevoeging tot die gemeenskap, wat verseker dat die ryk geskiedenis van Heilbron en omliggende dorpe bewaar en beskikbaar gestel word vir toekomstige geslagte.



*Op die foto vl: Sampie Orthon en Lanzo Soothill.*

# Celebrating Heritage Day





*Bethel Reformed Church Heilbron congregation celebrating Heritage month led by old Rev Mohlamme.*

Hoërskool Heilbron
Tenem Respice
ONDERWYSPOS
Beheerliggaamaanstelling
Ingeneursgrafika en -ontwerp
Graad 10-12
Hoërskool Heilbron het 'n vakature vir 'n energieke en entoesiastiese onderwyser om in 2025 aan te sluit by ons wenspan. Sport- en/of kultuurkwalifikasies sal tot u voordeel strek.
Dokumentasie benodig:
Matrieksertifikaat
Onderwysgraad-/Diploma
Akademiese rekord
Sport- en Kultuursertifikate
SACE-/SARO-Sertifikaat
Identiteitsdokument
Aanvangsdatum:
13 Januarie 2025
Sluitingsdatum:
31 Oktober 2024 om 14:00
Navrae: Mnr. Johnny vd Merwe
058 852 3007
johnny@hsheilbron.co.za
Rig volledige aansoek aan:
johnny@hsheilbron.co.za

# Flippie wen swaarste bees beker vir 7de jaar in 'n ry



Tydens Herza Afslaers se jaarlikse vetvee-veiling het Flippie Snyman weereens sy oorheersing in die beesboerdery-wêreld bevestig deur vir die sewende agtereenvolgende jaar die beker vir die swaarste bees te verower. Hierdie jaar het hy met 'n indrukwekkende Charolais bul van 1260kg die prys huis toe geneem. Die bul, wat nie net in gewig uitgestaan het nie, het ook 'n uitslag persentasie van 69.08% behaal – 'n noemenswaardige prestasie in enige boer se boek. Hierdie uitslae beklemtoon Snyman se fyn oog vir topkwaliteit diere, asook sy toegewyde sorg en kundigheid in die vleisbedryf. Ondanks uitdagende omstandighede in die landbousektor het vet diere steeds uiters goeie pryse op die veiling behaal. Boere het regoor die land voor uitdagings soos droogte en stygende produksiekoste te staan gekom, maar Snyman se prestasie dien as bewys dat harde werk en deursettingsvermoë steeds beloon word. Met nog 'n jaar se oorwinning agter sy naam, bly Flippie Snyman 'n naam om mee rekening te hou in die plaaslike boeregemeenskap, en sy onmiskenbare kundigheid en sukses sal beslis nog vir jare lank gesien word.



SOLAR VIBE
ALL ELECTRICAL & SOLAR APPLIANCES
Cnr. Langmark & Steyn St. Heilbron
083 488 1640 | admin@solarvibestore.com
SOLAR VIBE HAS MOVED TO STEERS
Your one-stop electrical shop!

# KENNISGEWINGS

## LIQUIDATION AND DISTRIBUTION ACCOUNTS IN DECEASED ESTATES LYING FOR INSPECTION

In the Estate of the Late:
Surname: **OVENS**
First names: **TARN**
Estate number: **1276/2024**
Identity/passport number: **951108 0053 082**
Date of death: **2/08/2021**
Last address: **FARM BERMUDA 1/470, DISTRICT HEILBRON, PROVINCE FREE STATE**
The FIRST AND FINAL Liquidation and Distribution Account in this estate will be open for inspection for a period of 21 days from 4 October 2024 at the office of the Master of the High Court Bloemfontein and the Magistrate's Office, Heilbron.
**NAME AND ADDRESS OF EXECUTOR OR AUTHORISED AGENT:**
**CORNELIUS & PARTNERS INC,**
**40 CHURCH STREET, HEILBRON, 9650**
**PO BOX 205/591, HEILBRON, 9650**
**E-MAIL: aktesb@corven.co.za**
**TELEPHONE: 058 852 2035**
**REFERENCE: AA SCHUTTE/EH/B0107/**
**DATE SUBMITTED: 2024/09/18**
**FOR PUBLICATION ON: 2024/10/04**

---

*Form J187*

## LIQUIDATION AND DISTRIBUTION ACCOUNTS IN DECEASED ESTATES LYING FOR INSPECTION

In terms of section 35 (5) of the Administration of Estates Act, No. 66 of 1965, notice is hereby given that copies of the liquidation and distribution accounts (first and final, unless otherwise stated) in the estates specified below will be open for the inspection of all persons with an interest therein for a period of 21 days (or shorter or longer if specially stated) from the date specified or from the date of publication hereof, whichever may be the later, and at the offices of the Masters of the High Court and Magistrates as stated. Should no objection thereto be lodged with the Masters concerned during the specified period, the executors will proceed to make payments in accordance with the accounts.
**Language:** English
**Province:** Free State
**Estate Number:** 010494/2022
**Surname:** Venter
**First Names:** Jacob Johannes Terblanche
**ID Number:** 420818 5023 087
**Last Address:** 29 Hertzog Street,
PETRUS STEYN, 9640
**First Names of Surviving Spouse:** Amelia Elizabeth
**Surname of Surviving Spouse:** Venter
**ID Number of Surviving Spouse:** 430707 0026 088
**Description of Account:** First and Final
**Period of Inspection:** 21 Days
**Magistrate's Office:** Petrus Steyn
**Master's Office:** Bloemfontein
**Advertiser Name:** VAN ZYL-FOURIE ATTORNEYS
**Advertiser Address:** 16 Reitz Street, Petrus Steyn, 9640
**Advertiser E-mail:** michael@vzfattorneys.net
**Date Submitted:** 2024-09-23
**Tel:** 083 547 9244
**Publication in the Government Gazette on:**
2024-10-04

---

## KENNISGEWING AAN KREDITEURE

Boedel nommer: **001974/2023**
Van: **Bester**
Voorname: **Pieter Johannes**
Geboortedatum: **1965-04-14**
Laaste adres: **Plot 449, Koppies, 9540**
Datum oorlede: **2022-09-03**
Meesterskantoor: **Bloemfontein**
Skuldeisers in bogenoemde boedel word versoek om hulle vorderinge in te lewer en skuldenare om hulle skulde te betaal by die ondergetekende en wel binne 30 dae vanaf 4 Oktober 2024.
Geteken te Koppies op hierdie 26ste dag van September 2024.
**EKSEKUTEUR:**
**ADRIAAN BENJAMIN VOSLOO**
**1 STE STRAAT 7**
**KOPPIES, 9540**
**Verw: Boedel: Wyle PJ Bester**

## BIBLIOTEEK OOP

***Piercestraat 66 • Heilbron***
**Heilbron Biblioteek is VYF DAE per week oop vir die publiek en die tye is as volg:**
**Maandae tot Vrydae** - 09:00 - 13:00 (Volwassenes) en 14:00 - 17:00 (Kinders)
***Biblioteek is gesluit op Saterdae, Sondae & openbare vakansiedae.***

## KENNISGEWING

Saaknommer: 337/2023

## GEREGTELIKE VERKOPING

In die Landdroshof vir die distrik Heilbron, gehou te Fizile Dabi.
**TUSSEN:**
**ANNEMARIE HAYWARD**
*Eiser*
en
**JHL DE LANGE**
*Verweerder*
Ingevolge 'n Vonnis gelewer op 11 Desember 2023, in die Heilbron Landdroshof en 'n Lasbrief vir Eksekusie daarna uitgereik, word die goedere beskryf in eksekusie verkoop te Landroskantoor, Elsstraat, Heilbron op die 28ste dag van Oktober 2024 om 13:15, aan die hoogste bieër:
**GOEDERE:**
**1 GROEN CITI VW SHUTTLE - REGISTRASIE NOMMER HPH 663FS**
1. Reëls van hierdie verkoping is beskikbaar 24 uur voorafgaande die verkoping te die Landdroskantoor, Elsstraat, Heilbron.
2. Registrasie as koper is 'n vereiste onderworpe aan bepaalde voorwaardes o.a
   2.1 Voorskrifte van die Verbruikersbeskermingswet 68 van 2008 (URL.http:www.info.gov.za/view/DownloadFileAction?ID=99961)
   2.2 Fica-wetgewing m.b.t identiteit en adres besonderhede
   2.3 Betaling van registrasiegelde
   2.4 Registrasievoorwaardes Verkoping sal geskied deur die kantoor van die Balju Heilbron met afslaer Wynand Mienie.
3. Advertensiegelde teen heersende publikasietariewe en verkopingskoste volgens hofreëls, geld.

Gedateer te Heilbron op die 10de dag van September 2024.
**(GET) JH JANSEN**
**EISER SE PROKUREUR**
**JANSEN PROKUREURS**
**PIERCESTRAAT 58, HEILBRON**
**TEL NO. 058 852 2816**
**FAKS NO. 086 665 0816**
**E-POS: jhjansen@jansenprokureurs.co.za**
**VERW: HAY5/0003/JHJ/cm**

---

## KENNISGEWING VAN TERINSAELEGGING

In die boedel van wyle **MARI JEANNETTE NAUDE, ID 400330 0046 083,** in lewe weduwee en woonagtig te Sesdestraat 73, Heilbron, 9650. Provinsie Vrystaat.
**Meesterverwysingsnommer: 9216/2023**
Hiermee word kennis gegee ingevolge Artikel 35(5) van Wet no 66 van 1965 dat die Eerste en Finale Likwidasie- en Distribusierekening in bogemelde boedel in die kantoor van die Meester van die Hooggeregshof te Bloemfontein en in die kantoor van die Landdros te Heilbron, vir 'n tydperk van 21 dae vanaf datum van publikasie hiervan, ter insae sal lê.
Indien binne genoemde tydperk geen besware daarteen by die betrokke Meester ingedien word nie, gaan die Eksekuteur oor tot die uitbetaling ingevolge gemelde rekening.
**LOUISE SNYMAN**
**RINGERSTRAAT 68,**
**HEILBRON**
**082 965 4964**




Herald
Office National
**Elsstraat 44**
**Heilbron**
**Tel: 058 852 3033**


# DIENSTE


**BAAL / SNY & BAAL**
Vir die maak van voer, vanaf sny tot baal of slegs baal. 1.2m bale (tou/net). Velde of wenakkers.
Petrus Steyn, Frankfort, Heilbron en Lindley.
KONTAK JACO MEIRING
082 851 6158 OF
PIET MEIRING 082 571 4191
peerlandhandel@gmail.com

**BAAL / SNY & BAAL ...**
Vir sny-, hark- en baalwerk.
Kontak Evert Kleynhans
072 018 3685
Heilbron

DUPNO Trading
**AUGERS**
**GRAANDAMME**
**SINKDAMME**
**BUNKERS**
**AFLAAIBAKKE**
Kontak:
Ryno 073 268 7565
ryno.dupno@gmail.com




**REMINDER**
**2024 / 2025**
Neem asb kennis dat die Heilbron Herald se winkel sluit 19 Desember om 13:00 en heropen DV 6 Januarie 2025 om 07:30.
Die fabriek sluit 13 Desember 2024 en heropen DV 8 Januarie 2025.

Herald
Elsstraat 44
Heilbron
Tel: 058 852 3033
Office National

YOU THINK IT - WE PRINT IT
YOUR ONE STOP BRANDING SPECIALIST


marketing@heilbron.co.za | 083 495 5512 Heilbron Herald


# SMALLS


**HEILBRON • EDENVILLE • FRANKFORT**

**Hugo Groenewald**
**082 569 7205**
Kontak hom gerus vir enige Lewendehawe bemarking, Uit-die-hand-transaksies of veiling navrae!
VLEISSENTRAAL


# TE HUUR • TE HUUR


**HEILBRON ROLBAL-KLUBHUIS**
Geskik vir ongeveer 70 mense. Ingesluit volledige eetgerei, stoof en 2 oonde, gelisensieerde kroeg beskikbaar.
**Hannalie Claassen**
**079 040 0531**


## WINKELURE

**Maandae - Donderdae: 07:30 - 17:00**
**Vrydae: 07:30 - 16:30**
**Saterdae: 08:30 - 13:00**

# GEKLASSIFISEERD


**Die Heilbron Herald word uitgegee en gedruk deur die eienaars Heilbron Herald (Edms) Bpk, Elsstraat 44, Posbus 166, Heilbron**
**Tel: 058 852 3033/4/5 • Faks: 058 853 0140**
**www.heilbronherald.co.za**
**E-POS ADRESSE**
• **Abrie Watson** abrie@heilbron.co.za
• **John Watson** john@heilbron.co.za
• **Winkel** heraldwinkel@heilbron.co.za
• **Kobus** kobuss@heilbron.co.za
(Wyeformaat produksiebestuurder)
WhatsApp Nr. 081 889 8192
• **Silma** marketing@heilbron.co.za
herald@heilbron.co.za
(Korporatiewe klere, oorpakke, kommersiële drukwerk ens.)
WhatsApp Nr. 083 495 5512
• **Carien** heraldgraphics1@heilbron.co.za -
(Kommersiële drukwerk & koerantbydraes)
• **Delareyz** finance@heilbron.co.za - (Rekenings, state ens.)
• **Christelle** heraldoffice@heilbron.co.za - (Bestellings ens.)
• **Cara** heraldgraphics2@heilbron.co.za -
(Wyeformaat drukwerk, plakkers ens.)
• **Elsabé** heraldgraphics2@heilbron.co.za -
(Wyeformaat drukwerk, plakkers ens.)
WhatsApp Nr. 078 857 2106
• **Hendie** heraldnuus@heilbron.co.za -
(Koerantbydraes, advertensies)
**Koerant sirkuleer in Heilbron, Petrus Steyn, Frankfort , Reitz en asook digitaal versprei op Heilbron se Facebook-blad en webwerf.**



***Menings en opinies wat uitgespreek word in briewe en rubrieke, is dié van die individue en weerspieël nie noodwendig die siening van die redaksie nie.***



**SAME DAY DELIVERY AND COLLECTION BETWEEN HEILBRON AND THE VAAL TRIANGLE FOR ONLY R85**
heilbron@postnet.co.za 058 853 0006 064 988 6078
POSTNET HEILBRON

# HERALD


PLOEG SE MOER
NOU IN VOORRAAD BY Builders
R50 PER BAKKIE
VISVANGWURMS
076 813 2751
/ploegsemoer
ERDWURMMIS
Herstel jou tuin hierdie lente
R400 VIR 20L
SLEGS OP BESTELLING



2025 Diaries
NOW IN STORE
START the new year in STYLE
Tel: 058 852 3033



Virenigenuusenadvertensies vir die Heilbron Herald

Kontak gerus vir
Hendie Lötter by 071 175 9807
of heraldnuus@heilbron.co.za



BESIGHEIDSURE
Maandae - Vrydae: 08:00 -16:30
Saterdae: 09:00 -12:00
Elsstraat 42, HEILBRON
Tel: 058 853 0006
POSTNET HEILBRON
POSTNET Courier
PostNet to PostNet
PostNet to Door
Domestic Services
International Services





Heilbron Herald
Vakante Betrekking

## FINANSIËLE BESTUURDER

Heilbron Herald beskik oor 'n pos vir die bestuur en hantering van alle finansiële en administratiewe aspekte binne die besigheid.

**Verantwoordelikhede:**

- Debiteureverwerking en rekonsiliasies
- Krediteure verwerking en rekonsiliasie
- Voer BTW-rekonsiliasie uit en voltooi BTW201-opgawes
- Voer bankrekonsiliasies uit
- Berei joernaalinskrywings voor
- Ondersteun die jaareindsluitingsprosesse
- Help met die opstel van begrotings
- Help met eksterne ouditeure en ondersteun die ouditproses
- Doen finansiële ontleding en verslagdoening soos vereis
- Help met kantooradministrasie en kwotasies
- Skakelbord Operateur
- Salarisse en Lone

**Vereistes:**

- BCom-graad in rekeningkunde, of ekwivalent
- Minimum van 3 jaar ondervinding in 'n finansiële rol
- Goeie kennis van rekeningkundige beginsels en BTW
- Vaardig in rekeningkundige sagteware IQ Retail & Sage Pastel
- Goeie probleemoplossingsvaardighede
- Hoë aandag aan detail en akkuraatheid
- Sportyd aangedryf
- Vermoë om onafhanklik en as deel van 'n span te werk
- Kennis van die Microsoft Office-sagteware

**Sluitingsdatum: 11 Oktober 2024**
**Diensaanvaarding spoedig as moontlik**
**Stuur CV's na abrie@heilbron.co.za**
**Navrae: Abrie Watson 083 635 2946**


DIE GEEL DEUR
Piercestraat 101
Heilbron
SEL: 083 456 4064
Kaartfasiliteite beskikbaar.
VIR ENIGE STRYKWERK
Vir meer inligting & pryslys kontak Bettie of stuur WhatsApp
Ons haal die kreukels uit jou dag.
24/7 DIENS



BOERE BANDE
Our quality is our pride!
24/7 SERVICES
BALANCING & WHEEL ALIGNMENT
AUTO, TRUCK & TRACTOR TYRES
FIELD SERVICES
FIT & REPAIR
BATTERIES
Heilbron, Langmarkstr. 22
058 853 0550 | After Hours: 082 552 9261
Frankfort, Barett str. 16
079 209 0750
After Hours: 079 180 4337
Villiers, Arbeider str. 1
066 422 1866
After Hours: 066 422 1866



WINKELURE
MAANDAE - DONDERDAE:
07:30 - 17:00
VRYDAE: 07:30 - 16:30
SATERDAE: 08:30 - 13:00
Elsstraat 44
Heilbron
Tel: 058 852 3033
E-Pos:
heraldwinkel@heilbron.co.za
Herald Office National


BKB
The Trusted Home of Agriculture
Die Betroubare Tuiste van Landbou

## BELANGRIKSTE veilings

**MAANDAG - 7 OKTOBER 2024**

DEVON Weeklikse veiling
Kontak Jurg Haywood 082 578 6241

BADPLAAS Weeklikse veiling
Kontak Themba Shongwe 076 557 9346

WARDEN Maandelikse veiling
Kontak Bonnie vd Merwe 082 414 4228

**DINSDAG - 8 OKTOBER 2024**

VEREENIGING Weeklikse veiling
Kontak SC de Jager 082 599 2312

VREDE Maandeliks veiling
Kontak Jandre Moll 082 307 9169

ERMELO: BOEDEL WYLE
JL VAN STADEN
Implemente & Brangus tipe beeste
11:00, veilingskrale
Kontak David Harris 082 573 7979

BULTFONTEIN: WINBOLD SAVM STOET
SAVM & Suffolk skape
11:00, plaas Boldwin
Kontak Louwtjie Bezuidenhout 082 827 7443

**WOENSDAG - 9 OKTOBER 2024**

WITBANK Weeklikse veiling
Kontak Rocco v Rooyen 082 799 2776

REITZ Twee-weeklikse veiling
Kontak Francois Duminy 082 528 1899

KOPPIES: DIRKIE SERFONTEIN
UITVERKOPING VAN SAVM TIPE SKAPE
11:00, plaas Heuningspruit
Kontak Piet Wessels 082 857 7827

**DONDERDAG - 10 OKTOBER 2024**

FRANKFORT Weeklikse veiling
Kontak Deon Stegmann 079 878 2109

KROONSTAD Vetvee veiling
Kontak Schalk Jonker 073 007 0022

ERMELO Weeklikse veiling
Kontak David Harris 082 573 7979

ROSENDAL Maandelikse veiling
Kontak Gerrie Britz 082 828 2855

**VRYDAG - 11 OKTOBER 2024**

BETHLEHEM Weeklikse veiling
Kontak Schalk Burger 076 070 1411

STANDERTON Weeklikse veiling
Kontak Carel Davel 082 331 1811

POTCHEFSTROOM Weeklikse veiling
Kontak Salty de Villiers 073 816 4956

www.bkb.co.za
BKB Limited 1998/012435/06
Posbus 220, Frankfort, 9830
Tel: (058) 813 1071
e-pos: frankfort@bkb.co.za